Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP VRYDAG, 7 SEPTEMBER 2018 OM 08:30

TEENWOORDIG:

Speaker, rdl M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen
Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)
Bess, D G (DA)
Daniels, C (DA)
De Beer, J M (DA)
Fortuin, C B (DA)
Humphreys, F S (ANC)
Maart, E S M (DA)
Mfutwana, L E (EFF)
McQuire, V D (DA)
Papers, C H (DA)
Penxa, B J (ANC)
Philander, D B (ANC)
Smit, N (DA)
Sneewe, A M (ANC)
Solomons, P E (DA)
Stanley, B J (DA)
Stemele, O M (DA)
Van der Westhuizen, R F (DA)
Van Zyl, M (DA)
Zatu, N S (ANC)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, Onderburgemeester, raadslede en amptenare.

Die Speaker versoek Rdl R F van der Westhuizen om die vergadering met gebed te open.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen aansoek om verlof vir afwesigheid is ontvang nie.

3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

Geen

4. SAKE VIR BESPREKING

4.1 AANNAME EN IMPLEMENTERING VAN VERLAAGDE WATERTARIEWE (16/1/1/7)

Sedert die implementering van die Vlak 6 waterbeperkinge in Januarie 2018, het die watersituasie wesenlik verbeter. Op 5 September 2018 was die Voëlvleidam 75%, in vergelyking met dieselfde tyd verlede jaar toe dit slegs 25% was. Die gesamentlike damvlakke wat Kaapstad en omliggende areas van water voorsien is tans 66,7%, waar dit verlede jaar 35,1% was.

Die Departement van Waterwese het egter aangedui dat die huidige streng waterbeperkinge steeds in werking moet bly totdat 'n ingeligte besluit rakende die volhoubaarheid van watervoorsiening in die langer termyn gemaak kan word.

In die lig van bg. sal die vlak 6B waterbeperking nie opgehef word nie, maar 'n vermindering in die watertariewe word voorgestel.

Rdl D B Philander, namens die ANC, spreek sy misnoeë uit dat die R99,00 basiese diensteheffing nie ook aangespreek word nie, aangesien inwoners nie almal dit kan bekostig nie.

Die Speaker gee geleentheid aan die Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton, om die hele aangeleentheid meer volledig toe te lig.

Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, noem dat die verlaging in tariewe nie 'n impak op die begroting sal meebring nie.

Rdl Philander noem dat die verlaging van die watertariewe deur die ANC verwelkom word maar beklemtoon die party se versoek dat die basiese dienstefooi geskrap moet word.

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die munisipaliteit waterdienste teen 'n sekere standaard aan die inwoners moet bied en voorsiening moet maak vir die instandhouding en vervanging van waterdienste-infrastruktuur, vir welke doeleindes die basiese waterheffing geïmplementeer moes word.

Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, noem dat die gratis verskaffing van 6 kiloliter water mettertyd uitfaseer is (uitgesluit deernishuishoudings), en dat die basiese waterheffing by raadsbesluit ingestel is.

Op versoek van rdl B J Stanley gee die Speaker geleentheid vir die DA om te koukus, en hervat die vergadering om 09:30 weer.

Die Speaker versoek dat meer duidelike inligting t.o.v. die basiese diensteheffing aan die inwoners deurgegee word d.m.v. die plaaslike koerante, nuusbrief en sosiale media. Rdl Z Bekebu versoek dat hierdie inligting in al drie amptelike tale aan die inwoners beskikbaar gestel moet word.

BESLUIT (met 'n stemtelling van 16 ten gunste; ANC en EFF buite stemming)
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

(a) Dat daar volstaan word met die Vlak 6-waterbeperkings wat op 1 Februarie 2018 in werking getree het, soos vervat in **Aanhangsel A** tot hierdie verslag, om 'n 45% besparing te kan bly bewerkstellig;

(b) Dat die volgende verlaagde watertariewe, BTW uitgesluit, met ingang vanaf 1 September 2018 goedgekeur word, ter vervanging van die bestaande tariewe in die betrokke glyskaalkategorieë, maar met behoud van die watertariewe wat reeds onder Vlakke 5 tot 8 vir die betrokke kategorieë goedgekeur is met ingang vanaf 1 Julie 2018:

2018/19 Revised Tariffs	Normal	Plus 5%	Level 1 Plus 10%	Level 1B Plus 15%	Level 2 Plus 20%	Level 2B Plus 25%	Level 3 Plus 30%	Level 3B Plus 35%	Level 4 Plus 40%
0 - 4 kl	R 4.66	R 4.89	R 5.13	R 5.36	R 5.59	R 5.83	R 6.06	R 6.29	R 6.52
5 - 10 kl	R 8.00	R 8.40	R 8.80	R 9.20	R 9.60	R 10.00	R 10.40	R 10.80	R 11.20

(c) Dat die oorblywende watertariewe soos goedgekeur met ingang vanaf 1 Julie 2018 onveranderd gehou word, ingesluit die watertariewe soos van toepassing op besighede en op skole, regeringsinstellings en sportklubs;

(d) Dat die volgende waterglyskaaltariewe, BTW uitgesluit, met ingang vanaf 1 September 2018 goedgekeur word met effek vanaf die diensterekeninge wat gedurende September 2018 vir betaling teen 30 September 2018 gelewer sal word:

4.1/(d)...

0 - 4 kl	**R 6.06**
5 - 10 kl	**R 10.40**
11 - 15 kl	**R 18.98**
16 - 20 kl	**R 19.63**
21 - 25 kl	**R 35.67**
26 - 50 kl	**R 74.33**
51 kl & above	**R 102.58**

(e) Dat goedkeuring verleen word dat die munisipale swembaddens met ingang vanaf 1 Oktober 2018 oopgestel word vir die publiek, maar dat alle ander swembaddens geag word private swembaddens te wees, slegs met bronne anders as munisipale drinkwater opgevul of volgemaak mag word.

GETEKEN:
SPEAKER